



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**RELIGIESTUDIES V2**

**NOVEMBER 2011**

**MEMORANDUM**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2011 -12- 3
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

**PUNTE: 150**

**Hierdie memorandum bestaan uit 12 bladsye.**

05/12/2011
Umalusi Moderator

04-12-2011
Internal Moderator

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 1

1.1 Maatskaplike probleem, toon hoe dit in die samelewing te voorskyn tree:

- Voorbeeld, tienerswangerskap
- Tienerswangerskap lei daartoe dat vroulike leerders die skool moet verlaat sonder dat hulle hulle studies voltooi.
- Die aantal werklose jeug neem toe.
- Seksueel-oordraagbare infeksies ('STI's') (insluitende MIV en Vigs) is algemeen onder tienermoeders.
- Tienermoeders doen afstand van hulle babas.
- Dit veroorsaak finansiele stremming op die ekonomie.
- Dit lei ook tot maatskaplike uitdagings soos misdaad, aangesien die kind sonder gesinsondersteuning grootword. (10)

1.2 Ekonomiese en maatskaplike faktore:
*(Maatskaplike en ekonomiese faktore oorvleuel dalk)*

- Armoede maak meisies vatbaar vir mishandeling.
- Hulle word in verhoudings waar mishandeling plaasvind, ingedwing.
- Armoede verswak gesinstrukture en ondersteuning en maak jongmense kwetsbaar vir negatiewe invloede.
- Party meisies raak swanger om toegang te kry tot kindertoelaes.
- Daar is 'n gebrek aan effektiewe seksvoorligting, veral in arm gemeenskappe.
- Daar is 'n tekort aan jeug- en sportprogramme om die jeug konstruktief besig te hou.
- Misbruik van stowwe/middels (dwelmmiddels en alkohol) is 'n groot faktor in geslagsmishandeling en tienerswangerskappe.
- Maklike toegang tot pornografie en eksplisiete seksuele materiaal dra by tot seksuele eksperimentering.
- Geloofsgebaseerde organisasies is nie so effektief om die jeug te bereik as wat hulle in die verlede was nie. (10)

1.3 Oplossings vir die probleem:
*Judaisme is 'n voorbeeld.*

- Jode moet ten minste 10% van hulle wins aan die gemeenskap teruggee om armoede te verlig.
- Hulle raak betrokke by uitreikprogramme om skole te help met, byvoorbeeld, vaardigheidsopleiding.
- Bar Mitzvah is 'n viering daarvan dat 'n seun manlikheid bereik het.
- Hy word van sy verantwoordelikhede as man bewus gemaak.
- Seksuele omgang is slegs vir getroude pare
- Gesinseenheid word beklemtoon aangesien dit lede beskerm en lei.
- Jy mag nie egbreuk pleeg nie' (Tien gebooie). Hierdie lering verbied tienerseks uitdruklik. (10)

1.4 Praktiese strategie:

- Begin seksualiteitsonderrig onder die jeug.
- Debatteer die A-B-C-benadering tot seksualiteit en vergelyk met die Joodse leringe oor seks.
- Die aanbevole kleredragkodes van godsdienste moedig fatsoenlikheid aan en verminder versoeking.
- Leer regte en verantwoordelikhede asook respek vir mans en vroue.
- Seks voor die huwelik word ontmoedig. Dit moet beklemtoon word dat dit as 'n groot sonde in die meeste godsdienste beskou word.
- Godsdienstige inisiasie (deurgangsrites) moet aangemoedig word aangesien dit seksuele onderrig insluit.
- Maak die grense van gedrag tussen die geslagte duideliker
- Neem deel aan gesondheids- en sport-/jeugprogramme.
- Die regering ondermyn nie godsdienstige leringe nie, maar ondersteun dit, byvoorbeeld die 'Moral Regeneration Programme'
- Hou besprekings oor hoe die Grondwet die godsdienstige leringe vergelyk, byvoorbeeld die Kinderbeskermingswet laat 'n 12-jarige toe om tot MIV-toetsing in te stem, sonder ouerlike toestemming.
- Bespreek godsdienstige leringe oor geboortebeperking. (20)
- Hierdie is 'n ope vraag met verskeie antwoorde,Leerders of kanidate kant punte behaal vir enige relevante antwoorde as strategiee

**[50]**

## VRAAG 2

2.1 Wetenskap en godsdiens:

- Wetenskaplike ontwikkelinge het ons wereld verander
- Op 'n dieper vlak het die wetenskap die wyse waarop mense die wereld beskou, uitgedaag.
- Nog belangriker die wetenskap het die einste fondasies van tradisionele godsdienste uitgedaag.
- Die moeilikheid/probleme tussen godsdiens en die wetenskap het in die laaste vier eeue kop uitgesteek.
- Die twee benaderinge het al hoe meer mededingend geword, selfs strydend.
- In alle kulture het godsdiens tradisioneel antwoorde verskaf op vrae soos die volgende:
  1. Hoe en wanneer het die wereld begin?
  2. Wanneer het mense hulle eerste verskyning gemaak?

Terwyl sommige godsdienste dit as 'n groot konflik beskou, het ander minder probleme om hulle leringe met wetenskaplike teorie te versoen. (10)

2.2 Godsdiens strydig met Darwin se evolusieleer·

Darwin se leer bestaan hoofsaaklik uit vier idees:

1 Spesies bevat 'n groot verskeidenheid klein verskilletjies.
2. Beide die wereld en spesies het oor tyd verander
3. In die oorlewingstryd sal beter aangepaste variasies bevoordeel word terwyl die wat nie is nie, sal sukkel om te oorleef.
4. Op hierdie wyse kan spesies geleidelik van vorm verander en meer kompleks word – deur te ontwikkel op 'n pad van suksesvolle variasie.

Voorbeeld: Christendom

- Volgens die Kreasioniste kan daar geen onsekerheid bestaan dat God die heelal as deel van Sy goddelike plan vir die mensdom geskep het nie.
- Genesis beskryf hoe God die wereld in sewe dae geskep het.
- God het Adam en Eva geskep dus blyk dit dat daar geen plek vir die evolusieleer in die skepping is nie
- Darwin se werk word as kontroversieel deur die kerk beskou.
- Darwin se idee is soos volg gekritiseer·
  1 Daar is geen bewys vir die ontwikkeling van nuwe spesies in die menslike geskiedenis nie.
  2. Daar is geen bewys dat een spesie uit 'n ander ontwikkel het nie.
  3. Die pogings om nuwe spesies deur kruisteling te skep, is geneig om onsuksesvol te wees omdat die hibriede/baster nie kan teel nie.
- Een van die redes waarom Darwin se idee so 'n invloed op die kerk gehad het, is dat dit gelyk het asof hy 'n alternatiewe verduideliking gee wat nie die idee van 'n intelligente ontwerper nodig gehad het nie.

Voorbeeld: Hindoeisme

- Hindoes het geen probleem met evolusie nie want die heelal is op evolusie gebaseer
- Hulle het 'n meer gevorderde teorie van evolusie as die wetenskaplike een omdat die wetenskaplike teorie op die fisiese gebaseer is.
- Hindoeisme gee 'n meer uitgebreide beskouing omdat dit die geestelike insluit.
- Wetenskaplikes sien evolusie as 'n proses wat toevallig gebeur
- Hindoes glo dat jy beheer het oor beide jou geestelike en fisiese evolusie.
- 'n Goeie lewe lei tot geleidelike evolusie na gevorderde vorme
- Uiteindelik sal jy bevryding kry van die fisiese en een word met god.
- Darwin se teorie het nie konflik met die Hindoe-idee en -oortuiging veroorsaak nie want dit het bygedra tot die begrip van evolusie na Moksha.

**NB Hinduïsme word hier as voobeeld gebuik. Leerders/kandidate moet gekrediteer word vir enige religie wat hier as voorbeeld gebruik word.** (20)

2.3 Vergelyking van skepping in oerknalteorie en een godsdiens:

Oerknalteorie:

- Die sogenaamde oerknalteorie is tans die gewildste wetenskaplike teorie van die heelal.
- Niemand weet wat voor die oerknal bestaan het nie.
- Na die oerknal het die heelal ontstaan en gegroei tot 'n enorme grootte. Dit het ongeveer 15 biljoen jaar gelede gebeur
- Klein temperatuurveranderinge in die aanvanklike ontploffing het tot verskillende digthede dwarsdeur die heelal gelei.
- Dit het uiteindelik tot groepe ('clusters') dwarsdeur die heelal gegroei.

Midde-Oosterse Godsdienste:

- Daar word gese dat die geskrifte van die Midde-Oosterse godsdienste – Judaisme, Christelike godsdiens en Islam – deur God geinspireer is of die direkte woord van God is. Hulle deel 'n eenderse beskouing van die skepping.
- Daar is een almagtige, alwetende, perfekte Skepper
- Hy het mens geskep as die middelpunt van die skepping.
- Die skepping het ses dae geneem; dit het begin by die skeiding van lig en donkerte.
- Dit is uit niks gemaak nie en daar was aanvanklik net twee mense wat uit klei gemaak is.

Hindoeisme:

- Vir Hindoes is die skepping die Skepper Die Skepper het bestaan en sal vir altyd bestaan. Die Skepper het geen beperkinge nie en is daarom nie 'n 'hy' of 'n 'sy' of enigiets anders nie.
- Die Skepper is net die Skepper Die Skepper bestaan in of 'n passiewe of 'n aktiewe toestand.
- Die passiewe toestand is 'n toestand van rus wanneer niks gebeur nie. Gedurende rus het die heelal geen vorm en is ongedifferensieerd.
- Na 'n baie lang tydperk raak die Skepper aktief. Dit is wanneer dele van die heelal anders lyk en is as ander dele en 'skepping' begin.
- Mense is 'n produk van skepping. (20)

**[50]**

## VRAAG 3

3.1 Hermeneutiese beginsels van interpretasie van normatiewe bronne:
Voorbeeld: Christenskap

- Hermeneutiese beginsels verwys na die interpretasie van heilige geskrifte.
- Dit behels die beskouing van 'n geestelike teks in konteks. Die volgende

faktore moet ook in ag geneem word:

Watter tipe skrif is dit?
Wanneer is dit geskryf?
Wie het dit geskryf?
Vir wie is dit geskryf?
Wat was die omstandighede in die tyd toe dit geskryf is?

'n Paar beginsels van hermeneutiese interpretasie:

- Grammatika en historiese konteks: Dit beteken jy moet die grammatikareels en die historiese feite gebruik om die heilige geskrifte te interpreteer
- Duidelikste betekenis: vat die letterlike betekenis van die teks
- Plan, doel en konteks: 'n geskrewe stuk moet as 'n geheel beskou word. Wat is die skryfplan of struktuur? Wat was die outeur se doel met die skryf van hierdie teks? Wat is die konteks van die gedeelte waarna gekyk word?
- Betekenis van woorde: die betekenis van woorde verander met tyd en in verskillende plekke. Vind uit wat die oorspronklike betekenis is aangesien dit in die normatiewe bron gebruik is.
- Figuurlike betekenis: figuurlike en nie-letterlike betekenis moet in ag geneem word.
- Ander heilige geskrifte: heilige geskrifte self kan gebruik word om ander heilige geskrifte te interpreteer

**NB: Die Hermeneuties beginsels verskil van een religie tot 'n ander religie. Daarom moet aangewese merkers krediet gee vir enige relevante antwoord.** (20)

3.2 3.2.1 Inspirasie:

- Inspirasie: dit verwys na die 'asemhaling' (mag,
- Kennis) van 'n buitengewone wese of mag.
- Byvoorbeeld, 'n godheid wat 'n mens oorneem en hom/haar met goddelike kennis inspireer
- Die meeste godsdienste het stigtersfigure wat deur 'n hoer mag of wysheid geinspireer is.
- Voorbeelde is Abraham, Moses, Confucius, die Boeddha, Jesus, die Profeet Mohammed en Baha'u'llah.
- Die inspirasie van hierdie figure word deur hulle volgelinge as direk en onmiddellik aanvaar
- Daar word geglo dat hulle van aangesig tot aangesig met God was
- Sulke onmiddellike kontak met 'n dimensie buite alledaagse lewe is die wortel/oorsprong van die Afrika-geloof
- Mediums en waarseers spesialiseer in kommunikasie met voorvaders en geeste in die algemeen.

**NB: Hier moet enige relevante antwoord gekrediteer word!** (10)

3.2.2 Mondelinge tradisie:

- In baie godsdienste is die oorspronklike inspirasie dikwels eers deur mondelinge tradisie versprei. (10)

- So 'n mondelinge tradisie kon vir honderde of selfs duisende jare getrou mondelings oorgedra word.
- Mondelinge tradisie as 'n normatiewe bron is primer belangrik in godsdienstige geskiedenis.
- Voor geskrewe tradisie is mondelinge tradisies slegs mondelings oorgedra.
- Byvoorbeeld, die Nuwe Testament, die tweede deel van die Bybel, gee besonderhede van Jesus se lewe en leringe.
- Dit is 'n rekord van wat Jesus se apostels onthou het van hulle kontak met Jesus, met ander woorde mondelinge tradisie is later in geskrewe vorm opgeteken.

3.2.3 Heilige boek/geskrifte:

- Skryfwerk het die godsdienstige toneel ongeveer 4 000 jaar gelede betree.
- Sedertdien het dit 'n al hoe belangriker rol beklee.
- Die verskil tussen mondeling en geskrewe is nie net die medium nie, tradisie het meer gevestig geword as gevolg van geskrifte.
- Mondelinge tradisies wat parallel met geskrewe tradisies kan loop, kan baie vloeibaar wees. Maar as dit eers neergeskryf is, raak dit gewoonlik gevestig.
- In Boek-godsdienste (Judaisme, Christenskap en Islam), speel heilige geskrifte 'n sleutelrol in leringe.
- In Indiese en Verre Oosterse godsdienste, ten spyte van geskrewe tradisie, plaas hulle minder klem op die 'boek'-kwaliteit van hulle tradisies.
- Heilige geskrifte bestaan nie bloot as individuele geskrifte nie, maar as deel van groter versamelings.
- Selfs in ATR' is daar pogings om van die basiese oortuiginge van die godsdiens neer te skryf. (10)

**[50]**

## VRAAG 4

4.1 Intergodsdienstige dialoog in Suid-Afrika voor 1996.

- Die Christelike godsdiens was die staatsgodsdiens.
- Ander godsdienste is min of geen erkenning gegee nie.
- Godsdiensvryheid en gelykheid is nie in die wetsboeke nie.
- Daar was aparte waarneming van godsdienstige gebruike
- Dit was in lyn met die apartheidsregering se doel van aparte ontwikkeling.
- Mense is nie oor ander godsdienste geleer nie
- Apartheid het egter gedien om godsdienste te verenig.
- Die SACC is in 1968 gestig. Dit het Christene van verskeie denominasies verenig.
- Die 'Call of Islam' is in1984 gestig.
- Jews for Justice is in 1985 gestig.
- Die intergodsdienstige stryd teen apartheid het tot die stigting van die (10)

Suid-Afrikaanse tak van die Wêreldkonferensie van Godsdienste vir Vrede ('WCRP') in 1984 gelei.

NB: Hier kan leerders ook skryf dat daar geen dialoog tussen die verskillende religie was voor 1996 op grond van apartheid. Hier moet antwoorde egter gemotiveer word om maksimum punte te kan behaal.

4.2 Gesonde intergodsdienstige verhoudinge in Suid-Afrika:

- In 1997 het president Nelson Mandela godsdienstige gemeenskappe gevra om saam te werk om 'n vrye en regverdige Suid-Afrika te bou.
- Hierdie koalisie is die Nasionale Godsdienstige Leiersforum ('NRLF') genoem.
- 'n Morele spitsberaad is in Oktober 1999 gehou.
- Bekommernisse/Kwessies was armoede kinder en vrouemishandeling, voorkoming van MIV en Vigs, ensovoorts.
- Die SA Konstitusie is in 1996 aangeneem.
- Dit vestig SA as 'n sekulere staat met geen staatsgodsdiens.
- Dit verbied diskriminasie op grond van godsdiens of geloofsoortuiginge.
- Godsdienstige gebruike kan by staatsinstellings aangebied word op voorwaarde dat:
  Dit op 'n gelyke basis aangebied word
  Dat bywoning vry en vrywillig is.
- Hierdie voorwaardes verseker dat daar harmonie is (vryheid van assosiasie is verskans),
- respek vir verskillende rituele/gebruike/oortuiginge en
- verdraagsaamheid onder die verskillende godsdienste in Suid-Afrika.
- Vrvheid van uitdrukking moedig wedersydse kommunikasie tussen godsdienste aan, sonder vrees.
- Vryheid van mening gee godsdienste 'n platform om uitspraak te gee oor staats- of maatskaplike kwessies.
- As erkenning van Suid-Afrika se vordering na godsdienstige verdraagsaamheid, is die Wêreldgodsdiensparlement ('World Parliament of Religions') in 1999 in Kaapstad bele.

LET WEL. Enige ander relevante wetgewing wat die leerder bespreek, moet gekrediteer word, byvoorbeeld Godsdiens en Onderwysbeleid, Suid-Afrikaanse Skolewet. (20)

4 3 Rol van intergodsdienstige organisasies in die internasionale gemeenskap:
<u>Wêreldgodsdiensparlement</u>

- Die inisiatief is in 1893 begin.
- Die Unitariese en Universalistiese kerke was die hoofaandrywers van hierdie inisiatief.
- Westerse en Oosterse kerke was verteenwoordig.
- Swami Vivekananda het die Hindoe-denkwyse aan die Weste bekend gestel.
- Dit was 'n deurslaggewende stap in intergodsdienstige dialoog aangesien Oosterse geloof nie voorheen deur die Weste as 'n geloof verstaan/aanvaar is nie
- Die Christelike godsdiens, Islam, Boeddhisme en Judaisme was verteenwoordig. Dit was die beginpunt van moderne intergodsdienstige dialoog.

- Inheemse Amerikaanse en Afrika-godsdienste was nie verteenwoordig nie.
- 'n Honderd jaar later is die tweede parlement in Chicago gehou.

- 'n Besluit is toe geneem om die parlement elke vyf tot ses jaar in verskillende stede te laat vergader
- Die 1993-Parlement het 'n dokument, 'Na 'n wereldetiek' ('Towards a Global Ethic'), uitgereik.
- By die 1999-Parlement in Kaapstad was byna al die wereld se godsdienste verteenwoordig.
- Die laaste Parlement is in 2004 in Barcelona gehou. Die fokus was op godsdienstige verbintenis tot die hantering van werelduitdagings.
- Byvoorbeeld, oorlog, godsdienstige konflik, dwelmhandel, wereldverwarming, ensovoorts.
- Intergodsdienstige liggame het hulle verbintenisse deurgevoer as gevolg van hulle sterk oortuiginge.

<u>Die Wêreldkonferensie van Godsdienste vir Vrede (WKGV) ('World Conference on Religions for Peace') (WCRP)</u>

- Dit is in 1970 gehou.
- Dit bestaan uit leiers van alle godsdienste.
- Die gemeenskaplike doelwit is vrede.
- Hierdie liggaam glo dat hul intergodsdienstige verhoudinge die beste manier is om mense van verskillende rasse, klasse en kulture vir 'n gesamentlike doelwit bymekaar te bring.
- Dit is omdat godsdienste mense in samehangende liggame saambring wat daartoe verbind is om ander mense in nood te help.
- Hulle fokusareas is:
    - Konflik en versoening
    - Kinders en gesinne/families
    - Ontwapening en sekuriteit/veiligheid
    - Menseregte en verantwoordelikheid
    - Vredesopvoeding
- Die WKGV ontmoet elke vyf jaar

<u>Intergeloofsaksie vir Vrede in Afrika ('Interfaith Action for Peace in Africa' ('IFAPA')</u>

- 'IFAPA fokus op ondersteuning vir Afrika.
- Hulle pogings is hoofsaaklik in Soedan.
- Hierdie intergeloofskoalisie het die volgende doelwitte:
    - Bevorder intergeloofsamewerking
    - Skep gemeenskaplike ruimte vir godsdienste om saam te werk
    - Bewerkstellig aanvaarding en wedersydse respek vir mekaar
    - Erken eenheid in verskeidenheid

<u>WRK – Wêreldraad van Kerke ('WCC – World Council of Churches')</u>

- In 1948 in Amsterdam gestig.
- Dit is suiwer Christelik.
- Dit herbevestig die Drie-eenheid van God.
- Dit sluit die volgende Christen-kerkverbande in:
    - Anglikaans
    - Baptiste

Kopiereg voorbehou

- Kongregasionalistiese
- Lutherse
- Metodiste
- Morawiese
- Ou Katolieke

- Ortodokse
- Presbiteriaanse
- Gereformeerde
- Kwakers ('Society of Friends')

LET WEL. Maksimum van TWEE punte vir die noem van twee of meer kerkverbande.

- Die Rooms-Katolieke Kerk is nie met die WRK geaffilieer nie.
- Die Raad bevorder die volgende:
  - Ekumeniese gemeenskap
  - Diens
  - Studie
- Die rol van die WRK is om eenheid,
- verdraagsaamheid en respek onder Christene te bevorder
- 'n Verdere doelwit is om oplossings te vind vir maatskaplike en ekonomiese uitdagings in 'n Christelike konteks. (20)

**[50]**

## VRAAG 5

Sentrale leringe: Christelike geloof en Boeddhisme as voorbeelde:

5.1 Die aard van godheid:

Christelike geloof:

- Christene glo in die bestaan van 'n opper of goddelike wese bekend as God.
- God manifesteer homself as drie persone.
- God die Vader as Skepper van die heelal.
- God die Seun as Verlosser en Bevryder van die mensdom.
- God die Heilige Gees as Raadgewer van Christene.

Boeddhisme:

- Die meeste vorms van Boeddhisme aanvaar dat magtige wesens bestaan, wat ons God noem.
- Boeddhiste leer dat alles nie-permanent is, selfs gode.
- Elke Boeddhis moet self verligting vind.
- Hulle volg die Boeddha se instruksies.
- Hulle mag tot die plaaslike godheid bid. (10)

SSM

5.2 Die aard van die wereld:

Christelike geloof:

- Hiervolgens was daar aan die begin niks behalwe chaos nie.
- Die boek Genesis se God het die wereld en die heelal in ses dae geskep en die sewende dag gerus.
- Die wereld was perfek nadat die Heilige Drie-eenheid dit klaar geskep het.
- Mense- see- diere- en plantelewe behoort alles aan God.
- Volgens Christelike begrip is die wereld onderworpe aan die regeer van die mensdom.

Boeddhisme:

- Die wereld is net een van 'n miljoen werelde.
- In elk van hierdie werelde sal 'n Boeddha die ware aard van wesens herontdek.
- Boeddhisme floreer vir duisende jare en sterf dan stadig uit.
- 'n Ander man sal probeer om te verstaan waarom mense swaarkry en hy sal die volgende Boeddha word.
- Elke siklus het 'n Boeddha. (10)

5.3 Die individu en die gemeenskap:

Christelike geloof:

- Volgens die skeppingsverhaal het God die mens geskape.
- Mense reflekteer die kenmerke en eienskappe, en selfs die persoonlikheid van God.
- Volgens die Christelike uitgangspunt mag geen persoon 'n ander domineer of uitbuit nie.
- God het die man en vrou geskape om metgeselle/kamerade te wees.
- Mense moet 'n gemeenskap wees.
- Individue moet na mekaar omsien en beskerm.

Boeddhisme:

- Menslike wesens is deel van die werklikheid en het geen spesiale status nie.
- Mense is geseen met onsterflike siele wat hulle afskei van ander wesens.
- Hulle kan weer as diere gebore word as straf
- Mense sit in die middel van die skepping.
- Bo hulle is gode en die diere is onder menslike status.
- Jy moet as mens gebore word om Nirvana te bereik. (10)

5.4 Die plek en verantwoordelikheid van die mensdom in die wereld:

Christelike geloof:

- Christene glo dat mense na die beeld van God geskape is.
- God het hulle beveel om na die Tuin van Eden en die hele skepping om te sien.
- Hulle is aan God verantwoordelik vir wat hulle ook al aan Sy skepping doen.

Kopiereg voorbehou 

- Die wereld is begrens/beperk en kan opgebruik word as ons dit oorgebruik en roekeloos is.
- Dit beteken dat omgewings- en ekologiese kwessies ons verantwoordelikheid is.

Boeddhisme:
- Om as 'n mens gebore te word is raar en kosbaar
- Die mensdom is die enigste toestand waarin verligting moontlik is.
- Die primere verantwoordelikheid van elke mens is om verligting te bekom.
- Jy moet hierdie weg van verligting met ander deel.
- Hulle is aktief betrokke in die veld van kernontwapening, teen-oorlogspogings en ekologiese aksie. (10)

5.5 Die aard van boosheid:

Christelike geloof:
- Volgens die Christelike geloof het God nie boosheid geskep toe Hy die wereld geskep het nie.
- Hy het 'n perfekte wereld en perfekte mense geskep.
- Boosheid is later bekendgestel toe Adam en Eva God se bevele verontagsaam het.
- Christene noem hierdie ongehoorsaamheid 'sonde'
- Christene glo dat boosheid dikwels deur Satan gebruik word, wat eens God se engel was maar teen God gerebelleer het.

Boeddhisme:
- Boosheid is nie die probleem in Boeddhistiese begrip nie, onkunde is.
- Beskou mense as basies goed, maar onbewus van hulle potensiaal.
- Boosheid het geen oorsprong nie, omdat die werklikheid self geen oorsprong het nie.
- Die heelal verrys, bestaan vir 'n rukkie en verdwyn dan.
- In hierdie heelal, verskyn Boeddha's om mense te wys hoe om die lyding wat die werklikheid kenmerk, te ontsnap

**NB: Hier kan enige relevante antwoord punte behaal!** (10)

**[50]**

**TOTAAL. 150**

Kopiereg voorbehou